Jesus se Gebed

MaartensPRO

Word een met God

- Ons moet een word saam met die Vader, die Seun en die Heilige Gees
  - **Mat 21:21** Maar Jesus antwoord en sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle, as julle geloof het en nie twyfel nie, sal julle nie alleen doen wat met die vyeboom gebeur het nie; maar al sê julle ook vir hierdie berg: Hef jou op en werp jou in die see—sal dit gebeur.
  - Mat 21:22 En alles wat julle in die gebed vra, sal julle ontvang as julle glo.

2

MaartensPRO

Jesus se Gebed

- Jesus sal nou verheerlik word
  - Nie deur op die kruis te sterf nie – dit was ‘n vloek
  - Nie deur op te staan nie – dan is Hy net weer terug waar Hy was voor Hy gekruisig is
  - Nie net deur op te vaar hemel toe nie – dan is Hy weer waar Hy was voor Hy aarde toe gekom het
  - Deur hel toe te gaan, die gesag oor die aarde terug te kry en dit aan ons te gee sodat one die Vader kan verheerlik

3

MaartensPRO

Die Vader word ook Verheerlik

- Die Vader word ook verheerlik
  - Joh 17:1 Dit het Jesus gespreek, en Hy het sy oë na die hemel opgehef en gesê: Vader, die uur het gekom; verheerlik u Seun, sodat u Seun U ook kan verheerlik—
- Die Vader word verheerlik deur ons goeie dade
  - **Mat 5:16** Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.

4

MaartensPRO

Jesus se Mag

- Jesus het die mag om mense die ewige lewe te kan gee
  - Joh 17:2 soos U Hom mag oor alle vlees gegee het, sodat Hy aan almal wat U Hom gegee het, die ewige lewe kan gee.
- Wat is die Ewige Lewe?
  - Joh 17:3 En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het.

5

MaartensPRO

Jesus het die Vader Verheerlik

- Joh 17:4 Ek het U verheerlik op die aarde. Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring.
- Joh 17:5 En nou, Vader, verheerlik My by Uself met die heerlikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld was.
- Joh 17:6 Ek het u Naam geopenbaar aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het. Hulle het aan U behoort, en U het hulle aan My gegee, en hulle het u woord bewaar.
- Joh 17:7 Nou weet hulle dat alles wat U My gegee het, van U kom.

6

MaartensPRO

Jesus se Gesag

- Dit wat Jesus gesê het was nie net uit Sy eie gesag nie, maar dra die goedkeuring van die Vader. Eintlik was dit die Vader wat vir Jesus gesê het wat om te sê – so ons kan dit maar glo
  - Joh 17:8 Want die woorde wat U My gegee het, het Ek aan hulle gegee; en hulle het dit ontvang en waarlik erken dat Ek van U uitgegaan het, en hulle het geglo dat U My gestuur het.

7

MaartensPRO

Ons behoort aan die Vader

- Hierdie gebed is vir ons
  - Joh 17:9 Ek bid vir hulle; Ek bid nie vir die wêreld nie, maar vir die wat U My gegee het, omdat hulle aan U behoort.
  - Joh 17:10 En alles wat myne is, is uwe; en wat uwe is, is myne; en Ek is in hulle verheerlik.
- Ons moet Een wees met God
  - Joh 17:11 En Ek is nie meer in die wêreld nie, maar hulle is in die wêreld; en Ek kom na U toe. Heilige Vader, bewaar in u Naam die wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees net soos Ons.

8

MaartensPRO

Ons Bewaarder

- Jesus vra die Vader om ons te bewaar
  - Joh 17:12 Toe Ek saam met hulle in die wêreld was, het Ek hulle in u Naam bewaar. Oor die wat U My gegee het, het Ek gewaak; en nie een van hulle het verlore gegaan nie, behalwe die seun van die verderf, sodat die Skrif vervul sou word.
- Die Vader en Jesus se wil is dat ons blydskap volkome moet wees
  - Joh 17:13 Maar nou kom Ek na U toe; en Ek spreek hierdie dinge in die wêreld, sodat hulle my blydskap volkome in hulle kan hê.

9

MaartensPRO

Geheilig deur Sy Woord

- Ons word meer heilig soos ons Hom en Sy Woord beter leer ken
  - Joh 17:17 Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid.
- Ons word nou gestuur – NET SOOS JESUS GESTUUR WAS
  - Joh 17:18 Soos U my gestuur het in die wêreld, het Ek ook hulle in die wêreld gestuur.
  - Joh 17:19 En Ek heilig Myself vir hulle, sodat hulle ook in waarheid geheilig kan wees.

10

MaartensPRO

Ons word Een met God

- Nie net die dissipels nie
  - Joh 17:20 Maar Ek bid nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle woord in My sal glo—
  - Joh 17:21 dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het.
- Ons het Jesus se heerlikheid
  - Joh 17:22 En Ek het hulle die heerlikheid gegee wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is.
  - Joh 17:23 Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees; en dat die wêreld kan weet dat U My gestuur het, en hulle liefgehad het net soos U My liefgehad het.

11

MaartensPRO

Jesus se Liefde is in Ons

- Dit is vir ons moontlik om:
  - Die beste te glo van almal
  - Nie op die negatiewe dinge te konsentreer nie
  - Die Here dankie te sê
- Jesus wil hê dat ons saam met Hom aan die regterhand van God moet sit
  - Joh 17:24 Vader, Ek wil dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook saam met My sal wees, sodat hulle my heerlikheid kan aanskou wat U My gegee het, omdat U My liefgehad het voor die grondlegging van die wêreld.
- Jesus se liefde is in ons
  - Joh 17:26 En Ek het u Naam aan hulle bekend gemaak en sal dit bekend maak, sodat die liefde waarmee U My liefgehad het, in hulle kan wees, en Ek in hulle.

12